<ul style="list-style-type: none"> • kennis van visuele programontwikkeling en objekgeoriënteerde programmering te demonstreer; • praktiese vaardighede in algoritme ontwerp en elementêre Delphi programmering te demonstreer; • probleemoplossingsvaardighede in Delphi programmering, individueel en in groepe, te kan demonstreer en daartoe in staat wees om hierdie vermoëns en vaardighede betroubaar binne 'n onderwysituasie te kan toepas. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: INTE311	Semester 1	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Onderwysinligtingstechnologie: Intermediêre Delphi programmering		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • gedetailleerde kennis en praktiese vaardighede in die gebruik van vektore, gebeurtenisse, metodes en parameters, ontfooting en toetsing van Delphi-programmering te demonstreer; • gedetailleerde kennis van visuele programontwikkeling en die integrasie van databasisse in Delphi te demonstreer; • gevorderde probleemoplossingsvaardighede met Delphi-programmering te demonstreer; en • hierdie vermoëns en vaardighede binne die onderrig-leersituasie te kan toepas. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe en praktiese eksamen 50 %		

Modulekode: INTE321	Semester 1	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Onderwysinligtingstechnologie: Gevorderde Delphi programmering		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • gedetailleerde kennis en uitgebreide begrip van visuele programontwikkeling asook die integrasie van databasisse in "n objekgeoriënteerde taal te demonstreer; • gedetailleerde kennis en praktiese vaardighede in die gebruik van objekte, klasse en metodes in Delphi-programmering te kan demonstreer; • gevorderde probleemoplossingsvaardighede om onbekende, maar lewenswerklike probleme op te los en met Delphi-programmering te demonstreer; en • hierdie kennis en vaardighede binne die onderrig-leersituasie te kan toepas. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe en praktiese eksamen 50 %		

Modulekode: ITEE211	Semester 1	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Ingenieurs tegnologie vir Onderwys		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot die veilige gebruik en hantering van presisie instrumente en spesiale gereedskap en apparaat te demonstreer; • skriftelik en met behulp van skette presisie meetinstrumentesings te kommunikeer en die spesiale gereedskap en apparaat toepaslik vir meganiese tegnologie en die Pas- en Draai werkswinkel te kan identifiseer en evalueer; • 'n verskeidenheid ingenieurs materiale (asook saamgestelde materiale) met betrekking tot die tipe (yster en nie-yster, allooie, plastiek ens) en die vervaardigingsproses te kan identifiseer; • die eienskappe en toepassings van toetse (bv. Brinell, ens) wat op ingenieursmateriale gedoen word te kan bespreek en evalueer; • 'n deeglike kennis van hittebehandelingsprosesse op staal te demonstreer en die eienskappe en die resultate verkry te evalueer; en • bogenoemde uitkomst vir skoolleiders in 'n didaktiese situasie te fasiliteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: ITEE221	Semester 2	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Ingenieurs tegnologie vir Onderwys		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • deeglike kennis en basiese vaardighede (skriftelik en in praktyk) oor die gebruik, onderhoud en toepassing van veiligheidsregulasies met betrekking tot kraggereedskap en -masjinerie (boormasjiene, slypers en draaibanke) te demonstreer; • 'n deeglike kennis te demonstreer van semi-permanente hegtingsmetodes om verskillende voorwerpe te heg; en • al dié uitkomst in hierdie module aan skoolleiders in 'n didaktiese situasie te fasiliteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: ITEE311	Semester 1	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Ingenieurs tegnologie vir Onderwys		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • simbole, eenhede, terminologie en prosedures te interpreteer om verskillende vervaardigingsmetodes soos boorwerk, snywerk, vylwerk, haaksbewerking en draaiwerk (op die draaibanke) om 'n produk te maak; • die belangrikheid om werk op die draaibanke te balanseer en die voordele en nadele van gebalanseerde- en ongebalanseerde werk krities te vergelyk ten opsigte van slytasie en veiligheid en berekeninge wat nodig is vir korrekte metodes om 'n werkstuk te balanseer, te kan doen; • te onderskei tussen tipes kragte wat op meganiese komponente toegepas word; • basiese toetse te kan uitvoer om verskeie meganiese beginsels soos krag, druk en draaimomente deur gebruik te maak van mate en meters en toepaslike apparaat te demonstreer; en • bogenoemde uitkomst aan skoolleiders in 'n didaktiese situasie te kan fasiliteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: ITEE322	Semester 2	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Ingenieurs tegnologie vir Onderwys		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis en praktiese vaardighede in die veilige gebruik van meganiese masjiene / tegnologie en die eienskappe en gebruike van verskeie nie-ysterhoudende metale, nie-ysterhoudende legerings, samestellings / verbindings van sintetiese materiale en 'n kritiese evaluering te kan maak oor die voordele en nadele verbonde aan hierdie materiale vir die meganiese ingenieursveld sowel as vir alledaagse gebruik in die samelewing; • 'n afgeronde kennis te demonstreer aangaande die veilige toepassings van meganiese aandrywings soos bande en kabelle, ratte (berekning van draai snelhede), nokke, hefborne, skroefdrade, skakelings en wenasse; en • oor die vermoë te beskik om in veranderende- en onbekende leer kontekste te kan funksioneer wat verantwoordelikheid en inisiatief vereis om al die bogemelde uitkomst akademies-professioneel en effektief aan skoolleerders te kan kommunikeer en fasiliteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: ITEE412	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Ingenieurs tegnologie vir Onderwys		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • werkswinkelbestuur en -onderhoud krities te kan evalueer en bespreek en aan die hand van verworwe kennis 'n werkswinkeluitgief vir 'n spesifieke omstandigheid te kan ontwerp; • 'n omvattende kennisbasis te demonstreer ten opsigte van die gebruike van freemasjiene, die funksie van die verskillende onderdele en 'n ingeligte en kritiese begrip te hê van die verskillende freessnyers en eenvoudige freesbewerkinge; • 'n uitgebreide kennis te kan demonstreer van die onderdele en gebruike van die verdeelkop en die uitvoer en berekening van direkte (snel) indeksering, eenvoudige indeksering en hoekige indeksering; en • oor die vermoë te beskik om in veranderende- en onbekende leer kontekste te kan funksioneer wat verantwoordelikheid en inisiatief vereis om bogemelde uitkomst akademies-professioneel en effektief aan skoolleerders te kan kommunikeer en fasiliteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: ITEE422	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Ingenieurs tegnologie vir Onderwys		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • meer gevorderde bewerking op die freemasjiene te kan demonstreer en krities te evalueer, insluitende differensiale indeksering en die toepassingsberekening daarvoor; • 'n omvattende kennis te kan demonstreer aangaande rattandterme, berekening en effektiewe verwerkingsvaardighede besit vir die sny van reguit tandratte, heliese ratte en tandstange deur gebruik te maak van die verdeelkop en ratopstellings; • 'n kritiese evaluering te kan doen van die beginsels van rekenaar gekontroleerde en -beheerde masjiene, data te kan identifiseer, krities te analiseer en integreer in die verskillende programmeringsbeginsels en vervaardigingsprosesse; en • oor die vermoë te beskik om in veranderende- en onbekende leer kontekste te kan funksioneer wat verantwoordelikheid en inisiatief vereis om bogemelde uitkomst akademies-professioneel en effektief aan skoolleerders te kan kommunikeer en fasiliteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAAC121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Inleiding tot die Leerarea Kuns en Kultuur		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van basiese kennis en 'n ingeligte begrip van Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • inligting aangaande die hoofkonsepte en elemente van Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring te kan toepas, verstaan, definieer, klassifiseer en kommunikeer; • daartoe in staat te wees om goed gedefinieerde probleme te kan oplos ter fasilitering van leer deur die toepassing van kennis van die elemente van die Kunste in die Intermediêre en Senior Fase ooreenkomstig die leeruitkomst en assesseringstandaarde van die Leerarea Kuns en Kultuur in die Nasionale Kurrikulumverklaring; en • daartoe in staat te wees om bewys te kan lewer van eties verantwoordelike gedrag en om die onderskeie rolle van die onderwyser binne die Leerarea Kuns en Kultuur te kan vervul. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAAD211	Semester 1	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek: Senior fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • die geheelbeeld van 'n leerprogram, met die betrokke organiserende beginsels, in die Senior Fase van die Leerarea Kuns en Kultuur te kan gee, sodat jy kennis en begrip oor die plek van die Leerarea Kuns en Kultuur binne uitkomstgebaseerde onderwys kan demonstreer; • as interpreteerder en ontwerper 'n werksedule vir 'n spesifieke graad in die Senior Fase in die Leerarea Kuns en Kultuur te kan saamstel; • 'n kuns-, dans-, drama, musiek- of geïntegreerde les in die Senior Fase te kan beplan; • as vakspecialis musiek-, dans- drama en kunsonderrigtmetodes te kan evalueer, daaroor te debatteer en jou eie voorkeur te kan motiveer en • praktiese vaardighede in musiek, dans, drama en visuele kuns te kan ontwikkel, sodat jy musiek- en dans-, drama- en kunsaktiwiteite in die Senior Fase in die Leerarea Kuns en Kultuur kan fasiliteer. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAAD321	Semester 2	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek: Int-fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor 'n goed afgeronde en sistematiese kennisbasis te beskik en 'n samehangende en kritiese begrip te hê van hoe om lesse, werkskedules en leerprogramme in Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Intermediêre Fase te kan beplan; • inligting oor verskeie assesseringspraktike wat eie is aan Kuns- en Kultuur-onderrig krities te kan ontleed, sintetiseer, evalueer en aan te bied deur IT-vaardighede toepaslik te gebruik; • bewys te kan lewer van die vermoë om konkrete en abstrakte probleme en vraagstukke te kan oplos deur praktiese vaardighede toe te pas terwyl u leer in praktiese aktiwiteite in Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Intermediêre Fase fasiliteer; en • sy/haar eie wêreldbeskouing met betrekking tot Kuns en Kultuur te kan verwoord terwyl u verskeie assesseringspraktike en kennis tydens praktiese onderwys toepas. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAAD411	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek: Int-fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van 'n uitgebreide en sistematiese kennisbasis van beginsels van metodiek in die onderrig van Afrika-dans, Afrika-drama, Afrika-musiek en Afrika Visuele Kunste in die Intermediêre Fase; • onafhanklik die waarde van spel in die Leerarea Kuns en Kultuur te kan evalueer, en spelletjies in Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur in die Intermediêre Fase te kan toepas; • bewys te kan lewer van die vermoë om ingewikkelde en/of werklike wêreldprobleme te kan identifiseer en ontleed en dit te kan hanteer deur praktiese onderrigvaardighede tydens mikro-lesse en praktiese onderwys in die Leerarea Kuns en Kultuur in die Intermediêre Fase te kan toepas; en • alle menings vanuit u eie goed gevestigde wêreldbeskouing te kan evalueer terwyl u Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur tydens mikro-lesse en tydens praktiese onderwys onderrig, en bewys te kan wees van sosiale en etiese implikasies van die toepassing van kennis in 'n bepaalde konteks 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAAD421	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek: Senior fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van 'n uitgebreide en sistematiese kennisbasis en 'n samehangende en kritiese begrip van onderrig in geïntegreerde Kunste; multikulturele Kunste en inklusiewe Kunste; • verskillende modelle waarvolgens die Kunste in die Leerarea Kuns en Kultuur in die Senior Fase geïntegreer kan word, kritiese te kan ontleed en sintetiseer en onafhanklik te kan evalueer; • bewys te kan lewer van die vermoë om ingewikkelde en/of werklike wêreldprobleme te kan identifiseer en ontleed en dit te kan hanteer deur genres toe te pas wat inherent geïntegreer is, soos byvoorbeeld teater- en musikale storievertelling; en • alle menings vanuit u eie goed gevestigde wêreldbeskouing te kan evalueer terwyl u inklusiewekunste-onderwys in die Leerarea Kuns en Kultuur tydens mikro-lesse en praktiese onderwys toepas, en bewys te kan wees van sosiale en etiese implikasies van die toepassing van kennis in 'n bepaalde konteks. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAAE111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Leerarea Kuns en Kultuur		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van die vermoë om fundamentele en ingeligte begrip te toon van hoe om werke in al die kunsvorme te skep, interpreteer en aan te bied; • bewys te wees van die verhoudings tussen kunsvorme binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum; • in staat te wees om tegnieke te ontwerp en te interpreteer, en kunswerke te kan aanbied wat kulturele diversiteit, menseregte, omgewingsaangeleenthede, nasiebou, erfenis en magsverhouding tussen die wêreld- en plaaslike kultuur ondersteun, verken en benadruk; • bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde probleme te kan oplos deur toepaslike aktiwiteite en lesse in die Intermediêre en Senior Fase te skep en beplan wat skoolleerders sal help om kontemporêre werke in die Kunste te skep en interpreteer en ook aan te bied; en • eties verantwoordelike gedrag te openbaar in die proses van skep, interpreteer en aanbied van kunswerke in al die Kunste. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen + Praktiese eksamen 50 %		

Modulekode: LAAE121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Leerarea Kuns en Kultuur		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van fundamentele kennis en ingeligte begrip van hoe om nuanses van kulturele uitdrukking te kan lees en gebruik om sodoende betekenis deur die Kunste oor te dra; meervoudige kommunikasie- en uitdrukkingsvorme in Kuns en Kultuur te kan ontleed en gebruik en bewys te kan wees van die verhoudings tussen die verskillende kunsvorme; • meervoudige kommunikasie- en uitdrukkingsvorme in die Kunste oor onderwerpe soos natuurlike en gevonde hulpbronne, omgewingsvraagstukke, rituele, erfenis, stereotieperingsvraagstukke, diskriminasie en vooroordeel, massamedia en tegnologie te kan ontleed en kan toepas; • bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde probleme tydens die beplanning van toepaslike aktiwiteite en lesse in die Intermediêre en Senior Fase te kan oplos wat skoolleerders sal help om uitdrukking te kan gee deur middel van Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste; en • eties verantwoordelike gedrag te openbaar in u poging van uitdrukking en kommunikasie deur die Kunste. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen + Praktiese eksamen 50 %		

Modulekode: LAAE211	Semester 1	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Leerarea Kuns en Kultuur		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van 'n grondige kennisbasis en deeglike begrip van die geskiedenis van die Kunste, konsepte, estetika, kultuur en erfenis asook van die verskillende wyses waarop sosiale en kulturele groepe die Kunste beoefen en betekenisinhoudende deur middel daarvan oordra; • bewys te wees van hoe die Kunste verband hou met verwante areas; • inligting oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede krities te kan ontleed en sintetiseer. • bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde maar onbekende probleme tydens die beplanning van toepaslike aktiwiteite en lesse in die Intermediêre en Senior Fase op te los wat die skoolleerder sal help om op kritiese en kreatiewe wyse kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in ag te neem; en • verskillende wêreldbeskouings met u eie te kan vergelyk, terwyl u oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style besin. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen + Praktiese eksamen 50 %		

Modulekode: LAAE221	Semester 2	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Leerarea Kuns en Kultuur		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van 'n grondige kennisbasis en deeglike begrip van die belangrikheid van persoonlike en sosiale ontwikkeling en die ontwikkeling van die vermoë om individueel en in samewerking met andere aan aktiwiteite in die Kunste te kan werk met die oog daarop om heling en nasiebou te kweek, en bewys te wees van hoe die Kunste verband hou met verwante areas; • persoonlik en interpersoonlike vaardighede in aktiwiteite in Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste te kan toepas wat verband hou met vraagstukke deur voorbeeld h wye verskeidenheid hulpbronne te gebruik, verskeie opvattinge te ontwikkel, by nuwe idees en nuwe situasies te kan aanpas, goeie sosiale verhoudings op te bou, nasiebou te bevorder, inligting oor loopbane in die Kunste te deel en groepsaktiwiteite te benut om ervaringe van magsverhoudings te verken en deel, en inligting krities te kan ontleed en sintetiseer; • bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde maar onbekende probleme met betrekking tot die beplanning van toepaslike aktiwiteite en lesse in die Intermediêre en Senior Fase te kan oplos wat die skoolleerders sal help om die vermoë te ontwikkel om individueel en in samewerking met andere in Kunste-aktiwiteite te kan werk; en • verskillende wêreldbeskouings met u eie te kan vergelyk terwyl u individueel en in samewerking met andere aan aktiwiteite in die Kunste werk. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen en praktiese eksamen 50 %		

Modulekode: LABD211	Semester 1	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappemethodiek: Senior fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor 'n grondige kennisbasis van die leeruitkomst en assesseringstandaarde van toepassing op EBW in die senior fase en assessering te beskik; • 'n ingeligte begrip van sleuteltermes, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teorieë in hierdie verband teon; temas relevant tot die nasionale kurrikulum verklaring in die senior fase van EBW te identifiseer en aktiwiteite in hierdie verband te beplan deur die gebruik van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls; onbekende en abstrakte informasie in hierdie verband te gebruik en voor te stel deur grafieke en teoretiese gedrewe argumente en dit vervolgens aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede om te versamel, te organiseer, kritiese te analiseer en te interpreteer; • probleemoplossingsvermoëns te demonstreer tydens die beplanning en aanbidding van lesse in EBW; en • EBW eties, samehorig en betroubaar aan die leiers in die klaskamer op 'n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LABD321	Semester 2	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappemethodiek: Int-fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • die Nasionale Kurrikulumverklaring van die nasionale kurrikulum verklaring van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die intermediêre fase (grade 4-6) beskik; • 'n ingeligte begrip van sleuteltermes, reëls, konsepte, beginsels en teorieë rakende assessering, onderrig hulpmiddele binne en buite die klaskamer en lesbeplanning te toon; • bekende en abstrakte inligting in hierdie verband te gebruik deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente; • rekenaarvaardighede te gebruik om in te samel, te organiseer, krities te analiseer en te interpreteer; en • didaktiese aspekte in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe eties, samehorig en betroubaar aan die leiers in die klaskamer op 'n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LABD411	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappemethodiek: Int-fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • die Nasionale Kurrikulumverklaring van toepassing op die Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die intermediêre Fase krities te kan analiseer, te sintetiseer en te evalueer; • die versette vaardighede te kan toon in die ontwikkeling van portefeuljes vir onderwysers; • vir leerprogramme; • effektief te kan assesser; • oor die vermoë te beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT-vaardighede; en • om die vak Ekonomiese en Bestuurswetenskappe effektief en volgens norme en waardes aan graad 4 – 9 leiers te kan aanbied volgens die metodes van Uitkomsgebaseerde Onderwys. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LABD421	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappemetodiek: Snr-fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor 'n uitgebreide, in-diepte en sistematiese kennisbasis van die nasionale kurrikulum verklaring van toepassing op die Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die senior fase te beskik met 'n ingeligte begrip van sleuteltermes, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband; • om temas relevant tot die nasionale kurrikulum verklaring van toepassing op die Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die senior fase te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat die samehorige verstaan van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun; en • onbekende en abstrakte inligting in hierdie verband te gebruik deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente; rekenaaruvaardighede te gebruik om in te sameel, te organiseer, krities te analiseer en te interpreteer; probleemoplossingsvermoëns te demonstreer tydens die beplanning en aanbieding van lesse in EBW; EBW eties, samehorig en betroubaar aan die leerders in die klaskamer op 'n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAND211	Semester 1	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Leerarea Natuurwetenskappemetodiek: Senior fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskaplike onderrig te demonstreer: Die aard en struktuur van Natuurwetenskappe, Uitkomst in Natuurwetenskappe en die Lesplan in Natuurwetenskappe; • probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los, aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddele; en • 'n waardering te toon vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels in opvoedkundige kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-professionele houding en gedrag as fasiliteerder jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAND321	Semester 2	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Leerarea Natuurwetenskappemetodiek: Int-fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van die volgende temas in die onderrig van die Natuurwetenskappe teen die agtergrond van UGO te kan toon: fasilitering in die Intermediêre Fase, didaktiese beginsels van Natuurwetenskappe-onderrig en die Natuurwetenskappe-leerarea se laboratorium; • probleme binne die bogenoemde temas te kan identifiseer en te kan oplos, asook aktiwiteite te kan beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossend te werk te kan gaan ten opsigte van die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies teen die agtergrond van die teoretiese temas hierbo genoem deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddele gebruik te maak; • waardering te toon vir die bydrae van inheemse kennisstelsels in opvoedkundige kwessies rakende bogenoemde inhoud; en • as fasiliteerder 'n eties-professionele houding en gedrag jeens die inhoude van die Natuurwetenskappe te openbaar. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAND411	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Leerarea Natuurwetenskappemetodiek: Int-fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • die waarde van reflektiewe praktyke vir die onderwyser te motiveer • reflektiewe praktyke tydens praktiese onderwyse en mikrolesse toe te pas; • goeie didaktiese beginsels in leergeleenthede in te bou met die insluiting van geskikte onderrigleerstrategieë en alle beskikbare en geïmproviseerde ondersteuningsmiddele (-media); • die mikpunte van die leerarea Natuurwetenskappe deur beplanning, ontwikkeling, implementering en evaluering te operasionaliseer; • probleemoplossend te werk te gaan om die uitkomst te bereik; • goeie kommunikatiewe vaardighede te demonstreer; en • 'n gesonde waardesistiem te toon, gebaseer op 'n positiewe houding teenoor die geskape werklikheid. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LAND421	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Leerarea Natuurwetenskappemetodiek: Senior fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n leerkultuur in die Natuurwetenskappe-klas te kan skep waar wetenskaplike denkwysse by leerders gevestig kan word; • wetenskaplike geleetherheid te bevorder deur die Wetenskaplike Metode primêr as metode te gebruik tydens die uitvoer van ondersoeke; • die drie leeruitkomst van die Leerarea Natuurwetenskappe te kan gebruik om leerderaktiwiteite te evalueer en selekteer sodat leerders die uitkomst sal kan bereik; • leerderaktiwiteite in die Senior Fase te kan beplan en fasiliteer deur van geskikte beplanningsinstrumente en metodologieë, in besonder gevallestudies, probleemgebaseerde leer en ondersoekende leer te gebruik en • inheemse kennisinhoud in die Leerarea Natuurwetenskappe te kan integreer en 'n waardering daarvoor by leerders kan kweek. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LANE211	Semester 1	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Leerarea Natuurwetenskappe: Materie en materiale		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • h afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskappe te demonstreer: struktuur van materie, klassifikasie van materie, materiale en chemiese veranderinge; • probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los, aktiwiteite te beplan wat h omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • h waardering vir die bydrae van inheemse kennissisteme speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en h eties-verantwoordbare houding jeens Natuurwetenskappe-inhoude te openbaar. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		
Modulekode: LANE221	Semester 2	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Leerarea Natuurwetenskappe: Aarde en die buitenste ruimte		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis en h goeie begrip te kan demonstreer oor die plek van Geografie binne die Natuurwetenskappe as Leerarea binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid te kan demonstreer om temas relevant tot Planetêre Geografie, Klimatologie, Geomorfologie, Oseanografie en Kartografie te deurvors en aktiwiteite te beplan wat die samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls duidelik ondersteun; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te kan demonstreer deur take te beplan en voor te lê met spesifieke toepassing op Geografie binne die Leerarea Natuurwetenskappe deur toepaslike tegnologie te gebruik en bewys te lewer van teoretiese onderbou; • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die verhouding tussen die omgewing op aarde, die buitenste ruimte en mensdom in ooreenstemming met Die Manifesto oor Waardes, Onderwys en Demokrasie; • Praktiese afdeling: fundamentele kennis, begrip en insig te kan demonstreer oor die tipes kaarte sowel as vaardighede toe te pas om rigting, skaal, afstand en oppervlakte te bereken deur gebruik te maak van kaarte ten einde dit prakties te kan toepas. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		
Modulekode: LANE311	Semester 1	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Leerarea Natuurwetenskappe: Lewe en lewendige dinge		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • sekere leefprosesse te verduidelik en h insig in die toekomstige fasilitering en beoordeling daarvan te demonstreer; • die verskillende fasette van ekosisteme met mekaar te vergelyk en dit rol van elk te identifiseer en beskryf; • insig in die begrip <i>energie/voer</i> te demonstreer en dit op die verskillende vlakke van die studieveld te illustreer en beskryf; • probleme deur middel van kritiese en skeppende denke te formuleer en op te los; • effektief met ander studente as lede van h span, groep, organisasie en gemeenskap saam te werk; • op h selfregulerende manier te leer terwyl tyd effektief bestuur word; • kennis te neem van die didaktiese beginsels wat in hierdie module gedemonstreer is; en • deur sy/haar lewenstyl die nodige respek vir die Skepping te demonstreer. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		
Modulekode: LANE321	Semester 2	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Leerarea Natuurwetenskappe: Energie en energieveranderinge		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • konsepte soos energie, arbeid, drywing en warmte in h wetenskaplike konteks te kan gebruik; • probleme te kan oplos met betrekking tot energie binne die konteks van lig, klank en elektrisiteit; • die waarde van energiebronne op h verantwoordelike manier te kan verstaan; • eksperimente met verantwoordelikeheid en die nodige veiligheid te kan beplan en in h laboratorium te kan uitvoer en die data in verslagvorm te kan kommunikeer; • probleme relevant tot energie en die onderrigleer daarvan krities en kreatief te kan oplos; • vanuit h gevestigde waardesisteme h eties korrekte houding te kan demonstreer jeens alle fasette van die natuur en die mens; • h eie standpunt te kan inneem oor etiese kwessies rakende energie. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		
Modulekode: LASD211	Semester 1	NKR-Vlak: 5/6
Titel: Leerarea Sosiale Wetenskappemetodiek: Senior fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • h stewige en deeglike kennis te demonstreer van Sosiale Wetenskappe as Leerarea binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • basiese vaardighede vir die beplanning en ontwerp van h elementêre les te demonstreer; • die bevoegdheid te demonstreer om lesse te beplan, te ontwerp en aan te bied met behulp van alle soorte leer- en ondersteuningsmateriaal; en • waardes van h eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die mens en omgewingsregte wat in ooreenstemming is met die <i>Manifesto on values, education and democracy</i>. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LASD321	Semester 2	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Leerarea Sosiale Wetenskappemetodiek: Int-fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis te demonstreer om Geografie- en Geskiedenislesse te ontwerp en te implementeer asook die verskillende onderrigbenaderings in Sosiale Wetenskappe te verstaan en te evalueer om gevolglik die mees toepaslike onderrigbenadering en onderrigsteunmateriaal kreatief en effektief aan te wend; • toepaslike vaardighede te demonstreer om 'n Geografie- en Geskiedenislesse, as sub-dissiplines van die Sosiale Wetenskappe, te ontwerp en implementeer sowel as die kreatiewe en effektiewe inkorporering van ander leerareas; • bevoegdheid te demonstreer om 'n gepaste omgewingsprojek te inisieer, te bestuur en te assesseer volgens die korrekte UGO-beginsels en regulasies asook die verskillende onderrigbenaderings in die Sosiale Wetenskappe te evalueer deur die mees gepaste onderrigsteunmateriaal effektief en kreatief te gebruik; en • kennis te openbaar aangaande eties-professionele waardes in lesontwerp en praktiese onderwys. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LASD411	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Leerarea Sosiale Wetenskappemetodiek: Int-fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n uitgebreide en sistematiese kennis van Sosiale Wetenskappe as Leerarea te demonstreer binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • uitgebreide vaardighede te demonstreer in die beplanning, ontwerp en aanbieding van 'n les; • die bevoegdheid te demonstreer om lesse te beplan, ontwerp en aan te bied deur alle beskikbare onderrigbenaderings, -metodes, -strategieë, en leer- en onderrigsteunmiddels aan te wend; en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die ontwerp van leerervarings en praktiese onderwys met betrekking tot die mens en omgewingsregte wat in ooreenstemming is met Die Manifest oor Waardes, Onderwys en Demokrasie 		
Metode van aflewering: Voltyds, SBO		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LASD421	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Leerarea Sosiale Wetenskappemetodiek: Senior fase		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik om 'n Geografie en Geskiedenis leerervaring sistematies en kreatief te kan ontwerp en as sub-dissiplines van die Sosiale Wetenskappe te kan implementeer en te kan demonstreer. Dit sluit in die uitgebreide gebruik van verskillende onderwysmetodes en - tegnieke, soos byvoorbeeld 'n brongebaseerde benadering en die gebruik van inligting en kommunikasie tegnologie; • uitgebreide kennis en toepaslike vaardighede te demonstreer om 'n gevorderde Geografie- en Geskiedenislesse, as subdissiplines van die Sosiale Wetenskappe, te ontwerp, te implementeer en te demonstreer asook kundig en kreatief ander leerareas hierby te integreer; te demonstreer dat onderskeie onderrigbenaderings in die Sosiale Wetenskappe verstaan en geëvalueer word om gevolglik die korrekte benadering effektief in leerervarings te implementeer asook kreatief en effektief van gepaste leer- en onderrigsteunmiddels gebruik te maak; • die bevoegdheid te demonstreer om gepaste leerervarings, werkkaarte, assesseringsrubrieke, toets/eksamens en memorandum aangaande sinoptiese werkkaarte, topografiese kaarte en lugfoto's volgens UGO en geografies-didaktiese beginsels te ontwerp; en • waardes van eties-professionele aard toe te pas in leerervaring-ontwerp en praktiese onderwys. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SBO		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LIFD321	Semester 2	NKR-Vlak: 6/7
Titel: Lewenswetenskappemetodiek: VOO-fase		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort jy oor fundamentele kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van die rol van 'n Lewenswetenskappe-onderwyser te beskik:		
<p>Uitkoms 1 (Kennis) 'n Omvattende en sistematiese kennis van die volgende: die Lewenswetenskappe-onderwyser; beleidsdokumente van toepassing op Lewenswetenskappe; die bemeestering van Lewenswetenskappe; die wetenskaplike metode van ondersoek.</p> <p>Uitkoms 2 (Vaardighede) Om probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los; om aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun.</p> <p>Uitkoms 3 (Bevoegdheid) Probleemoplossingsvaardighede betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies teen die agtergrond van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder meer van toepaslike tegnologiese hulpmiddels gebruik te maak.</p> <p>Uitkoms 4 (Waardes) Waardering te toon vir die eties-professionele vereistes en verantwoordelikhede wat daar aan 'n Lewenswetenskappe-onderwyser gestel word.</p>		
Metode van aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO		
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LIFD411	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Lewenswetenskappemetodiek: VOO-fase		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort jy oor fundamentele kennis, vaardighede, houdings en waardes wat betref die rol van die onderwyser in Lewenswetenskappe te beskik.		
Die rolle van die onderwyser impliseer dat jy behoort op te tree/te funksioneer as vakdeskundige, interpreteerder en ontwerper van leerprogramme wat daarby insluit dat jy daartoe in staat sal wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> Jou kennis, insig en standpunte oor onderrigstrategieë, -metodes en -vaardighede toe te pas, asook hoe leeruitnemendheid verhoog kan word tydens die ontwerp en implementering van die Lewenswetenskappeleerprogram vir die Graad 10 tot 12-leerder in die besonder; en die CAPS vir Graad 10 tot 12 (Lewenswetenskappe) te interpreteer en toe te pas in die ontwerp van leerervarings en verwante assesseringsinstrumente. 		
Faciliteerder van leer , wat daarby insluit dat jy daartoe in staat sal wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> Leer in die Lewenswetenskappe op so 'n manier te fasiliteer dat die verskillende behoeftes van leerders in berekening gebring word; 'n leeromgewing in die Lewenswetenskappe te skep sodat leer uitnemend en doeltreffend plaasvind; en 'n deeglike kennis van onderrigstrategieë, -vaardighede en -metodes te demonstreer sodat jy uitkomsgebaseerde onderrig in Lewenswetenskappe doeltreffend kan fasiliteer. 		
Assessor , wat daarby insluit dat jy daartoe in staat sal wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> Skoolleraars se vordering in die Lewenswetenskappe regverdig en billik te monitor en te assesser op 'n formatiewe en summatiwewyse. 		
Leerder, navorsor en lewenslange leerder , wat daarby insluit dat jy daartoe in staat sal wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> Op 'n persoonlike, akademiese, professionele vlak en op beroepsvlak aan te hou groei deur middel van studies en navorsing as Lewenswetenskappe-onderwyser. 		
Daarby behoort jy na voltooiing van hierdie module daartoe in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> Probleme te identifiseer en op te los asook kritiese en kreatiewe redenering toe te pas ten opsigte van onderrig in Lewenswetenskappe; jouself en jou aktiwiteite doeltreffend en verantwoordelik te bestuur; kennis rakende onderrig in die Lewenswetenskappe te analiseer en krities te evalueer; doeltreffend by wyse van visuele en data responsiewe taalvaardighede in verbale en geskrewe aanbiedings te kommunikeer; en as 'n bestemte onderwyser 'n eties verantwoordelike houding ten opsigte van die Lewenswetenskappe as vak en onderwys as beroep te demonstreer. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LIFE111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Onderwyslebenswetenskappe: Biochemie, sel en selaktiwiteite		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> Probleme te identifiseer en op te los deur middel van kritiese en kreatiewe denke; effektief met ander leerders saam te werk as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap; jouself en jou aktiwiteite verantwoordelik en effektief te bestuur; inligting te versamel, analiseer, organiseer en krities te evalueer, en effektief te kommunikeer deur middel van visuele, dataresponsiewe taalvaardighede in mondelinge en skriftelike aanbiedings; die wetenskaplike metode te beskryf; basiese chemiese en biochemiese beginsels te beskryf en in bepaalde lewensstelsels toe te pas; die samestelling, struktuur, funksies en die volgende aktiwiteite van die sel onderrig te beskryf en met mekaar te integreer: seldeling, nukleïensure, fotosintese, selfrespirasie en metabolisme, en waar van toepassing, aan die hand van diagramme te illustreer; plant- en dierselle met mekaar te vergelyk; kennis te dra van inheemse kennisstelsels en bio-etiese kwessies van toepassing op die module-inhoud; 'n eties-verantwoordbare houding jens Lewenswetenskappe as vak en lewens-wetenskaplike navorsing te demonstreer; en die leerinhoud van hierdie module deeglik te ken en te verstaan sodat dit effektief aan skoolleerders onderrig kan word. 		
Metode van aflewering: Voltyds, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LIFE211	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Onderwyslebenswetenskappe: Bakteria, Archaea en Plantae		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> die inhoud van hierdie module te bemeester om dit sodoende suksesvol aan leerders te kan fasiliteer; insig in die evolusionêre geskiedenis van die ryk; Plantae te toon; die verskillende plantfilums te kan onderskei en vergelyk; die morfologie en anatomie van Angiosperme te ken en met die funksie wat dit vervul, in verband te bring; die fisiologie m.b.t. die opname van water en nutriënte deur plante aan leerders te kan verduidelik; die voortplanting, groei en ontwikkeling van plante te kan analiseer, vergelyk en die toepassingsmoontlikhede daarvan vir die industrie uit te lig; 'n eties-verantwoordbare houding as Lewenswetenskappe onderwyser te openbaar. <p>Ten einde bewys te lewer van die bereiking van die uitkomst moet jy in staat wees om te demonstreer hoe alle inhoud in die module aan leerders op skool gefasiliteer sal kan word</p>		
Metode van aflewering: Voltyds, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE		
Assesseringsmetodes:		
Deurlopende assessering 50 %		
1x3 uur geskrewe eksamen 50 %		

Modulekode: LIFE211	Semester 1	NKR-Vlak: 5/6
